Quality Cast In Concrete

VAN DYK STEENGROEWE: 'n Nuwe era van vooruitgang

Met Van Dyk Steengroewe se onlangse aankoop van sy steenproduksiemasjien, die PMSA RE 1400, betree die maatskappy 'n nuwe era van vooruitgang.

Die RE 1400 vervang twee ouer masjiene by Van Dyk Steengroewe wat in 1982 en 1997 aangeskaf is en verhoog die produksievermoë van die aanleg aansienlik.

Die masjien stel die Van Dyk-steengroefaanleg in staat om gesamentlik 252 000 stene per dag te vervaardig, met 'n maksimum van 500 000 stene daagliks.

Die enorme RE 1400 is van Duitse afkoms, maar is in Suid-Afrika vervaardig en staan 'n hele stoor by die Van Dyk-aanleg vol. Die masjien is een van net vier in die land, maar Van Dyk Steengroewe s'n is die eerste ten volle geoutomatiseerde sisteem met nabehandelingsprosesse (meer bekend as *curing* in Engels) in Suid-Afrika.

Van Dyk Steengroewe is 'n veteraanmaatskappy in die steenvervaardigingsbedryf en met amper 48 jaar ervaring, het hy die resep om die perfekte baksteen te vervaardig met welslae vervolmaak.

Die resultaat van die steengroewe se uitgebreide sisteem en beproefde produksiemetodes – wat nou ook die wêreldklasmasjien as nuwe mylpaal insluit – is konsekwente betonmengsels wat sterker stene tot gevolg het.

Dit is die mening van die direkteure, die Van Dyk-broers, dat die stene wat hiér op Vredenburg vervaardig word, van die beste steenprodukte op die Suid-Afrikaanse mark is. Die nabehandelingsproses beteken ook dat stene baie vinnig ná vervaardiging maksimum sterkte bereik – binne twee dae, in teenstelling met die aanvaarde norm van 28 dae.

Dít beteken natuurlik 'n wenproduk teen versnelde produksie en verskaffing, alles met die doel om sy groeiende mark met die beste diens tevrede te stel.

Van Dyk Steengroewe bedank sy lojale kliënte wat oor die jare sy maatskappy van krag na krag laat gaan het en sien uit na 'n nuwe, moderne era van steenproduksie aan die Weskus.

Van Dyk Steengroewe